WEES LIG. LEEF LIG.

Huisgeloof- en groeigroepmateriaal

Sondag 23 Februarie 2025
Tema: **Leer. Ritme.Genade.**

Bid vandag vir die stuursel wat jul ondersteun en laat iemand in die groep kontak maak. Jul kan dalk 'n pakkie stuur wat jul bymekaargesit het.

OPENING

Deel met mekaar van 'n geleentheid waar jy iemand anders beny het oor die wyse hoe hul dit regkry om voluit te leef.

Deel met mekaar oor waar oor waar julle dit kon regkry om sedert jul laaste byeenkoms meer by die Here te rus.

Sondag 23 Februarie 2025
Tema: **Leer. Ritme.Genade.**

Ons teks vir hierdie reeks is Mat.11:28

MATTEUS 11:28-30

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."
In die Boodskap / Message:
Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest. Walk with me and work with me—watch how I do it.
Learn the unforced rhythms of grace. *I won't lay anything heavy or ill-fitting on you.*
Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly.

Notas

KOM ONS LEES

Efesiërs 2:8-10
":8 Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. :9 Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. :10 Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."

Sondag 23 Februarie 2025
Tema: **Leer. Ritme.Genade.**

Duisternis bring verwydering, afstand en oordeel. Gesels met mekaar oor die volgende:

- Hoe voel jul oor Rusland op die oomblik?
- Hoe voel julle oor ‘n man wat sy vrou verneuk?
- Hoe voel julle oor iemand wat moord gepleeg het?

Om veroordeel te wees deur mense, is anders as om deur God verlaat te wees.
Bespreek.

Notas

Sondag 23 Februarie 2025
Tema: **Leer. Ritme.Genade.**

Efes. 2 sê in :8 ... “redding kom uit niemand self nie**.”**

Bespreek.
Notas

Om ligter te kan leef en om iemand anders of ander mense te help ligter leef, vra dat ons Jesus se verlossing verstaan en daarmee saam Sy ongekende groot genade wat uit die Vaderhart kom. Dit kom nie uit my, jou of enige mens se verdienste nie. Daarom moet ons nie oordeel nie. Daarom moet die genade wat ons betoon ook ongekend groot wees van vergewe 70x7.

Verbaas jou dus oor die diepte van God se genade (God se genade is in ritme met Homself**)**
Dink saam aan verhale waar God se genade ongekend na vore gekom het in die Bybel:
Notas

‘n Paar voorbeelde is:
Noag , Abram met Isak, Dawid en Goliat, Jona, die vrou wat owerspel gepleeg het, die vrou by die put, Petrus wat Jesus verloën het, die moordenaar aan die kruis, Golgota ...

Sondag 23 Februarie 2025
Tema: **Leer. Ritme.Genade.**

VERDERE GESPREK

Om ligter te wees en ligter te leef, vra dat ek:

- **verstaan hoe groot Jesus se verlossing vir my, en vir die wêreld was.**
- **ook bereid is om onverdiende genade te betoon.**
- **verstaan dat elkeen geskape is met goeie werke wat God vooruitbestem het.**
- **om ligter te kan wees, my sal losmaak van enige iets wat buite God se wil is.**
- **soos 'n goedge-oliede rat in pas te met God se wil sal wees.**

UIT SONDAG SE EREDIENS

Wat kan jul byvoeg uit die Sondageredienste op ons kampusse? Jannie Putter het gepraat oor *learn the unforced rhythms of grace*.

Notas

MAAK VAS

Wat het ons geleer uit die Woord wat my nader aan Jesus se roepstem laat kom?
Is my lewe in pas met die ritme van God se genade?

Gebed
Soli Gratia, genade onbeskryflik groot, *amazing grace*. Dankie Jesus dat U ons uit genade gered het!
Help en lei ons deur U Gees om nie U genade goedkoop te maak of dit net vir onsself te wil hou nie.

Amen